



Bou die huis van die HERE

Teks vir die preek:

“As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”

Psalm 127:1

P Venter

© by skrywer - 2012
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 68:9
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 130:2, 4
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 127, Johannes 14:1-6
7. Sing Psalm 128:1, 3, 4
8. Preek
9. Sing Psalm 127:1-2
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 127:3-4
13. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Verlede Sondag het ons al op die bouperseel van Psalm 127 gaan stilstaan, broeder en suster. Die perseel van die tempel waar geen yster gehoor mag word nie (1 Konings 6:7), want in die tyd van Moses mag daar geen yster oor 'n altaar geswaai word nie (vgl. Eksodus 20:25; Josua 8:31). Al die klipwerk en kapwerk en vormwerk en paswerk (alles raaswerk) moes in die Libanongebirgtes afgehandel gewees het. Op die tempelperseel was alle klippe se mates pasklaar. Hulle kon eenvoudig net ingebou word, want die Argitek agter hierdie tempel is Hy wat die Here is.

Die tempel was vir ons 'n argitektoniese wonder. Die stilte, die verskuiwing, die bewondering van dit alles daar rondom die tempel, wat ons laat besef God het my sy tempel gemaak. Maar nog voor hierdie verskuiwing en bewondering dat u en ek vir die Here 'n tempel moet wees, het ons vanoggend 'n Psalm uit die hand van hom uit wie se hande ook die tempel moes kom – Salomo.

By die stille tempelperseel lees ons 'n Psalm waaroor 'n mens nie kan stilbly nie. Die Psalm begin dadelik te vertel – *'n Bedevaartslied. Van Salomo*. Die Nuwe Vertaling praat van *'n Pelgrimslied*. In die Hebreeus waar die Psalm oorspronklik in geskryf staan lees ons van “sjir hamma'a lot”; en as ons meer letterlik kyk na “hamma'a lot”, dan het die woord ook die betekenis van trappe waarlangs iets of iemand opgaan. Dit kan ook te doen het met die grade van 'n gradeboog, of waar ons weet elke plek en land geleë is in 'n spesifieke breedtegraad of lengtegraad.

Alles is by hierdie lied ter sprake, eintlik by al hierdie bedevaartsliedere (Psalms 120–134: vyftien van hulle!). Ons dink aan pelgrims wat optrek na Jerusalem, van alle kante en “grade” om in Jerusalem te aanbid by veral drie geleenthede per jaar: die paasfees, huttefees en pinksterfees. Optrek na hierdie feeste, dan het Israel vir honderde en honderde jare hierdie Psalms oppad na en in Jerusalem gesing. En op hierdie pad, en spesifiek uit hierdie een Pelgrimslied (Psalm 127) wil ek graag vanoggend saam met u na drie dinge kyk. Ons kyk eers na die trappe in die Psalm. Dan na waar hierdie trappe Israel wil uitbring. En laastens, na die hoogste trap wat daar kan wees.

Die trappe in die Psalm:

In Afrikaans is die Psalm gewoonweg 'n pelgrimslied of bedevaartslid genoem, maar die Hebreeus met sy "hamma'alot" laat ons mooier kyk en dieper kyk. En ons sien die pelgrims wat op hulle pad na Jerusalem baie grade van hitte moet deurgaen. Die son kan warm word! Maar ook grade van hoogtes: daar is berge waaroor hulle moet gaan. Een van die vorige bedevaartslidere (Psalm 121) sien juis die berge raak: *Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?* In Psalm 127 is die berge nou agter die rug. Die groot trappe, die berge, die Here se trappe is verby.

Voor ons oë het hierdie pelgrims nou in Jerusalem aangekom. Hulle begin die tempel te nader. Maar weet u, voor hulle nog in die tempel kan inkom, is daar stelle en stelle, en rye en rye van trappe waarmee hulle moes opklim om waarlik die tempel te kan inkom. En daar pas die "hamma'a lot" - die "trappe, nou pragtig in.

Ons kan dan selfs hierdie Psalm die lied van die trappe noem, want ons sien dit wat Israel gedoen het terwyl hulle die tempeltrappe uitklim. Terwyl hulle die eerste trap opgaan, sing hulle almal saam – *As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou.* Dan kom hulle op die tweede stel trappe. En op hierdie tweede ry trappe sing hulle – *As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.* En kom hulle by die volgende ry trappe, dan sing hulle weer die volgende strofe. En so het hulle met hierdie Psalm trap vir trap na die tempel toe opgeklim om die Here te ontmoet.

Die trappe waarlangs hulle so kon opklim, soos die Psalm, so kom ook die trappe van Salomo, die koning wie se naam op vrede dui. Toe die Here vir Dawid belowe het dat hy weer 'n seun sal kry net nadat sy en Batseba se vorige seuntjie as baba dood is, het die Here in 1 Kronieke 22:9 gesê: *Kyk, 'n seun sal vir jou gebore word, hy sal 'n man van rus wees, en Ek sal hom rus verskaf van al sy vyande rondom; want Salomo sal sy naam wees, en vrede en rus sal Ek oor Israel in sy dae gee.* So was dit dan ook, die naam Salomo wat dui op die vrederyk, in teëstelling met sy pa Dawid se tyd van oorlog.

Salomo kon dit doen wat mense eintlik altyd graag wil doen. Mense wil bouers wees. Baie vroeg reeds kan ons dit aantoon. Ons sou selfs kon sê dat dit in die mens se natuur is om te wil bou, want die mens is beeldraer van God, en God openbaar Homself as die groot Bouer. God het die hele skepping, die hele heelal gebou, so lees ons dit al in Genesis 1 vers na vers. God het selfs uit die man se rib 'n vrou kon bou. Genesis 2:22: *En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou....* Die Here is waarlik Bouer,

Skepper, van rib na vrou, weereens die diepte daarvan, die vernuf, die ware bouwerk in die mens, wie kan dit begryp? Dit is die diepe uitbouing van die Here, om die huwelik vir die mens in te bou, as instelling van God. Maar hier hou dit nie op nie. God wat bou lê in die mens 'n bou-aard, 'n strewe na voortdurende bou.

Dink maar aan die eerste mens wat op aarde gebore is: Kain. Na die sondeval en ook sy sonde om Abel dood te slaan, lees ons in Genesis 4:17 dat Kain 'n stad bou, en dat hy die stad vernoem na sy seun Henog. Net 'n entjie verder wil die mense 'n toring bou (Genesis 11) in Babel, waarvan die punt tot in die hemele moet reik. By Kain en by Babel is dit egter elke keer anders as by Salomo. Kain en die mense van Babel is mense wat sonder God, los van God wil bou. Die uiteinde is dat die mens dink hy kan in sy eie stad, in sy eie toring net so goed sonder God klaarkom. Babel wou mos wys ons is God se gelyke. Ons kan net so hoog wees soos die Here is.

Ons sien dus dat bouwerk sonder die Here moontlik is. Hoeveel geboue in stede vandag is geboue sonder die Here? Ja, ons sou kon praat van stede sonder die Here, op talle plekke in die wêreld vandag. Al hierdie stede kan ons saamtel as een groot stad van die mens, vir die mens. En daarom is die wêreld so deurtrek met verskillende stede, maar hoeveel is nie wankelend nie? Ja dit was gister, 11 September, wie kan 11 September 2001 vergeet? Drie jaar gelede! Dadelik sien ek die beeld van die mens se wankelende stad, sy wankelende aard, as die Here kon toelaat dat net drie Boeing-vliegtuie soveel van die mens se trots in sy geld en in sy weermag, in sy twin-towers (geld en ekonomie) en in die Pentagon (mag-weermag) kan laat wankel. Hoeveel keer sal die mens dit nog nodig kry dat jou beursie en jou mag geskud moet word, voor jy, mens, sal luister? Die mens wat sonder die Here wil bou...

Op die trappe voor die tempel staan Salomo en sy volk, en met hulle kom ons tweede gedagte:

Waar hierdie trappe ons wil uitbring:

Die woorde op die eerste trap: *As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou...* Broeder en suster, wie was meer geroepe, wie was meer bekwaam om hierdie woorde uit te spreek as juis net Salomo? Daar is 'n ander moontlikheid wat ek ook wil noem, naamlik dat sommige eksegete dink dat hierdie nie 'n Psalm van Salomo was nie, maar 'n Psalm vir Salomo. Dan is dit Dawid wat vir sy kind Salomo hierdie Psalm kon

skrywe, en dit is die woorde wat die pa vir sy kind wil sê, die kind wat nou die tempel mag bou: onthou, sonder die Here is jou bouwerk tevergeefs! Die volle sukses van hierdie tempel hang net van die Here af. Dawid het self soveel voorbereidings getref om hierdie tempelbou te laat gebeur. Self het hy sy hart so daarop gesit, maar nooit mag hy dit self gebou het nie, want al was sy hart reg, was sy hande nie reg nie. Sy hande was te vol bloed met al die oorloë waarin hy betrokke was.

As Dawid dan hierdie Psalm vir sy seun geskrywe het, dan is dit nog deel van die pleitrede in Dawid se hart dat God tog altyd Salomo se hart reg sal instel om die totale omvang van hierdie bouwerk in afhanklikheid van God te doen. In 1 Kronieke 28:20 sê Dawid vir Salomo: *Wees sterk en vol moed, en voer dit uit, vrees nie en wees nie verskrik nie, want die Here God, my God, sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie, totdat jy al die dienswerk aan die huis van die Here voltooi het.* In 1 Kronieke 29 gaan Dawid se hele pleitrede oor in 'n gebed. Hy vra die Here in vers 19: *Gee aan my seun Salomo 'n volkome hart om u gebooie, u getuienisse, en u insettinge te hou, en om alles te doen, en om die paleis te bou wat ek voorberei het.* Sou dit wees dat Dawid wil hê dat die tempel soos 'n paleis vir God moes wees?

Of dit Dawid of Salomo sou wees wat die Psalm geskryf het, verander niks aan die wese daarvan nie. Die tempel se skoonheid bly, die argitektoniese wonder, letterlik die asemrowende skoonheid daarvan, want toe die koningin van Skeba die eerste keer hierna gekyk het, het dit haar asem weggeslaan. Ons lees hierdie interessante opmerking in 1 Konings 10:7: *Daar was in haar geen gees meer nie...*

Na alles was die gevaar so groot, want almal was so beïndruk met hierdie tempel. Maar wanneer Salomo die Psalm skrywe, dan roem hy niks in homself nie. Sy eerste woorde is dan: *As die Here die huis nie bou nie...* Sonder die Here is dit tevergeefs. Huise sonder God word stede sonder God. Stede sonder God word 'n land sonder God. 'n Land sonder God word 'n kontinent sonder God. 'n Kontinent sonder God sal nog 'n wêreld sonder God word, want dit sal nog gebeur dat die hele wêreld nie agter God sal aangaan nie, maar agter Satan sal wil staan. Dit leer Openbaring ons en ook die briewe aan die Thessalonicense.

Die punt is – en dit word elke keer op die eerste tempeltrap al gesing – *as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou.* Die woordjie tevergeefs is die

verskil tussen 'n Kain en 'n Salomo, tussen Babel en die ware Jerusalem. Die een waar God eenvoudig afwesig is, en die ander waar God ten volle teenwoordig moet wees. In u bouwerk vandag, daar op die plaas, in u werksplek, in u ideale, daar waar u bou, is u besig om aan Babel te bou, of is die Jerusalem-ideaal die doel van u wat bou?

En sou ons ook nou saam met Israel en Salomo op die tweede tempeltrap gaan staan, dan sing ons: *As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.* Oor die huise wat stede word, het ons reeds genoeg gesê, en van die besef dat 'n huis sonder God 'n stad sonder God word. Dit is 'n stad van die mens vir die mens. Wie wil daar bly? God kyk na die stad van mense, maar vir Hom. 'n Stad van mense vir God, dit moet ons stad wees. Dit gaan ook oor veiligheid.

Ja, broeder en suster, het u reeds op die tempeltrappe kon sien hoe hierdie Psalm jou en my lewe trap na trap in ons modernste eeu ook saamvat? Die grootste deel van ons lewe vandag gaan oor drie dinge. Oor ons ideale, m.a.w. dit wat ons met harde werk in die lewe wil bereik, dan gaan dit ook oor ons veiligheid, en dit gaan oor ons gesinne. Hierdie Psalm noem al drie hierdie dinge, jou ideale, jou veiligheid, jou gesin.

Veiligheid in die stede van daardie tyd was ook van besondere belang. In 1 Konings lees ons ook hoe Salomo mure om die stad laat bou het en ook van versterkte stede en voorraadstede wat Salomo gebou het, dat daar versterkings en voorrade kan wees as hulle dalk ingeval sou word. Dit alles doen Salomo, maar daarna skryf hy en Israel sing dit uit, in hulle bewaakte stad: *As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.* Selfs 'n soldaat wat fisies die wagwerk moet doen, vir hom geld die woord net soveel. Sou hy hier saamsing, dan vra hy eintlik vir die Here dat hier waar ek in die nag, in die donkerte moet waghou, gee my ekstra skerp oë, help my om nie onverhoeds oorval te word nie. Of beter nog: mag die Here gee dat die vyand ver van ons stad weggehou word. Sonder die Here is my wagwerk tevergeefs. Vir u vandag, die meeste op plase, waar plase so geteiken word in ons tyd vandag, is dit 'n woord, 'n Psalm wat u elke dag met u moet saamvat: bewaar my tog op hierdie plaas, anders is al my beveiliging tevergeefs.

Calvyn het by hierdie vers die owerheid, maar selfs alle hoë geplaaste mense geplaas, en hy skryf dat dit die mense is wat so gewoon raak aan hulle hoogheid en die eer wat hulle ontvang dat hulle maklik hoogmoedig raak. En dan sê Calvyn kort voor lank is dit soos iemand met 'n verkyker, maar hy draai die verkyker om. Sy eie pogings lê voorop, dit lê

soos in 'n vergrootglas, en dit wat God doen, word al verder weggeskuif. Met die omgedraaide verkyker-gesindheid word God se werk in jou oë al kleiner. Uiteindelik is jy so beïndruk met jou vermoëns dat jy werklik dink en leef, al sê jy dit nie, dat ek die meeste van die tyd eintlik sonder die Here kan klaarkom.

My saamwees met die Here is eintlik meer 'n polisaksie as wat dit 'n verbondszaak is. God is nie meer die Verbondsgod nie, maar Hy is my polis. Gestel dinge loop dalk met my verkeerd, dan het ek darem nog hopelik die Here oor. En so dink ons, so werk ons, so leef ons baie keer. Ek kry tog meermale die indruk, daar waar welvaart 'n groot deel van u lewe uitmaak, dat mense die Here se seën eintlik as 'n bydraende faktor beskou. In die grootste mate sal almal sê, ja, ons is afhanklik van God se seën, maar die Here se seën word in werklikheid net 'n onderdeel van die berekening wat jy as mens meen jyself maak. Ons maak dan van God iets soos 'n medewerker. Ek wil graag alles doen en die Here se seën word eintlik niks anders as net die Here se vriendelike goedkeuring van dit wat my as mens se eie planne was. As God op u plaas maar net die medewerker is, sy seëninge is maar net bydraend tot dit wat u meen u tot dusver bereik het, dan is dit ongelukkig waar, die verbond het dan vir u polisbetekenis, maar nie die ware verhoudingswaarde wat daar tussen God en u moet wees nie. Op die einde kom dit daarop neer: ek wil die Here nie heeltemal uitskakel nie, maar ek wil darem ook nie die Here heeltemal inskakel nie.

U het miskien 'n kasteel van 'n huis, maar besef u die geloof werk nie in die eerste plek met koue poliswaardes en vuil geld en harde stene en saamgevoegde kontrakte nie? Die geloof maak God nie net 'n medewerker, 'n vennoot in jou lewe nie, maar God is die ALLES-bepaler. Hy is die Hoof, Hy is die Koning, Hy regeer jou lewe. Sonder God, sonder Hom is alles in jou lewe dan TEVERGEEFS! Erken Hom en dien Hom daarvolgens, want hoe maklik kan 'n kasteel van 'n huis 'n ineengestorte puinhoop van stene word, en as God maar net vir jou 'n vennoot was, so waar soos hierdie Psalm hier staan, u sal dan nie weet hoe om by daardie stene wat vroeër u paleis was op te staan nie.

Ek noem dit, want dit is wat Salomo oorgekom het. Hy wat hierdie pragtige Psalm geskryf het, het nie enduit by sy eie Psalm gebly nie. Salomo wat vroeër nog by sy bouwerk en by die bewaakte stad twee ander dinge wou byvoeg. By sy harde werk van elke dag sê hy dat sonder die Here dit *tevergeefs is dat jy vroeg opstaan, laat opbly en brood van smarte eet*. Vir die wagter wat die stad ook in die nagtelike ure moet bewaak, sonder die Here gaan

die tevergeefsheid net nog dieper. Want hulle wat met die Here die nag van gevare ingegaan het, lê en slaap 'n soete nagrus. Daardie veiligheid van die stad – *net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap.*

Salomo het sy eie Psalm vergeet. Sy weelde, sy welvaart het hom ingesluk! Die geloof wat vir ons almal 'n verkyker moet wees, om God naby aan ons te bring. Salomo het die verkyker omgedraai, en God net verder geskuif hoe verder hy gegaan het. Met menige heidense konings het hy ooreenkomste gesluit om sy land te beveilig, en die ooreenkomste het baie van die konings se dogters ingesluit. Salomo het met hierdie heidense dogters wat nou sy vroue geword het sy huishouding gebou, en nie meer 'n huis met die Here gebou nie, maar 'n harem gevul met stukke ongeloof wat sy eie geloof stelselmatig al meer uitgebeitel, uitgehol en vlak gemaak het. Die grootste vyand van ware geloof blyk baie keer 'n ongelowige vrou te wees, en omgekeerd natuurlik net soveel. Josef, Simson, wie moet dit nog uitvind? Die slimste mens het dit kon oorkom, wie is ons om te sê dit kan my nie oorkom nie!

Dit terwyl sy volk vroeër saam met hom nog op die sesde en sewende trap by die tempel sou uitsing: *Seuns is 'n erfdeel van die Here; die vrug van die moederskoot is 'n beloning.* En dan soos die trappe minder word al hoër op nader na die tempel toe, dan word die huisgesin net mooier en voller besing. Die seuns word soos pylle wat kan uitskiet van 'n huis af, daar is genoeg, hulle maak die pylkoker vol, hulle word saam met pa nie net as sekuriteit nie, maar ook as onderhandelaars by die stadspoorte ingespan. Hulle is werklik een met pa en ma. Hulle word die sterkeres wanneer pa en ma ouer word en hulle kragte minder word. Dan dra hulle pa en ma se sake soos hulle eie sake. Dit is seuns met durf, met gees, met ywer, met vermoëns. Dit is kinders wat 'n erfdeel van die Here is. 'n Genadegawe, elke kind is hier 'n geskenk van God. Hierdie is die Christelike gesin, die verbondsgesin wat hier besing word, nie daardie tipe gesin wat Salomo meen later sy vroue en kinders te noem nie.

En so besing ons saam met Israel hierdie Psalm tot bo, daardie laaste trap. In my werk, my ideale, in my veiligheid, in my gesin, in alles moet die Here wees, want sonder die Here is dit alles leeg, sonder God is dit tevergeefs. Maar broeder en suster, op die heel laaste trap moet ons dan ook kom by wat ons laaste gedagte dan vandag kan wees:

Die hoogste trap:

In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. Hoe hoog gaan hierdie trappe werklik, broeder en suster? Hoër as wat ons kan dink. Die lied van die trappe “sjir hamma’a lot”, die bedevaartslied, die pelgrimslied, het ons laat uitklim tot waar God in Jesus Christus op hierdie oomblikke teenwoordig is. Ja, dit was die bedoeling ook van die tempeltrappe. As jy oor daardie laaste trap sou gaan, en jy gaan die tempel binne, dan het jy in die heilige teenwoordigheid van God ingegaan. Dit is die aangrypende moment wat u moet vashou. Die tree na die laaste trap. Geen tree sou jy met eie krag tot hier kon gee nie, en nou hierdie laaste trap, die laaste tree die tempel binne. Dit was die Ou Testament en hoe God Hom daar teenwoordig gemaak het. Ons noem dit die weg na God toe. Maar daar is ‘n nog uitnemender weg (vgl. 1 Korintiërs 12:31b). In die Nuwe Testament het ons gelees waar Jesus sê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe.* Van hierdie laaste trap sou ons die Nuwe Testament binnetree, dan weet ons deur Jesus ons Middelaar is die enigste manier om nou by God uit te kom. Tevergeefs sal ‘n mens ‘n ander weg probeer soek.

Die weg wat langs die trappe gaan het die Israeliet naby God gebring, tot in die voorportaal van die tempel, maar nie tot in die allerheiligste nie, want daar mag geen Israeliet ingegaan het nie. Die tempeltrappe tot in die heiligdom bring jou naby God, maar nie by God nie. Die weg wat ons nou in Christus ontvang het, bring ons nie net naby God nie, maar by God. Dit laat ons dink aan Jakob en sy droom daardie nag, vlugtend, weg van sy broer Esau, op pad na sy oom Laban. Hy droom van ‘n leer, weer met trappe, ‘n leer wat tot in die hemele reik en engele wat langs hierdie leer op en af beweeg, met God bo-aan die leer. In Christus lees ons egter hoe Christus Self die trappe en die weg na God toe is. As die Here met Natanael praat wat onder ‘n vyeboom was, dan styg alles met hierdie Jakobsleer bokant die vyeboom uit. Die Here sê vir hom in Johannes 1:52: *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.*

Om nou by Jesus te wees in God se teenwoordigheid, met ons arbeid, met ons veiligheid, met ons gesinne, laat niks ons dan ontstel nie. Glo in God, glo in Christus, die huis met sy baie wonings waarvan die Here praat word vir jou reggemaak. Nie een van die huise wat ons gebou het, sal bly staan nie, maar hierdie huis wat die Here bou, staan vir ewig. Daarom as ons hier opstaan, ons gaan weer werk, weer bou, weer na ons kinders kyk. Kom ons doen dit saam met die Here. Ons doen dit aan die hand van 1 Korintiërs 15:58:

Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

Amen.